



# ST. DAMASUS

## 11 DESEMBER

(c. 305-384)

Hy word in 366 tot pous verkies, sy vader was priester by die St. Lourens-kerk in Rome. Ná eeue van vervolging was die Christene uiteindelik vry om hul geloof in die openbaar te beoefen. Die Kerk was nog in haar kinderskoene en Damasus lei haar met groot liefde en gesonde verstand. Hy begin om die talle dwaalleringe hok te slaan en dit was hy wat die heilige Hieronymus opdrag gegee om 'n duidelik verstaanbare vertaling van die Bybel in Latyn aan te pak. In 374 publiseer hy 'n Kanon van al die Bybelboeke wat as eg en geïnspireer en gesaghebbend beskou is. Hy oefen 'n groot invloed op die ontwikkeling van die Romeinse liturgie uit en laat grafskrifte op die graftombes van die heilige martelare opsit.